Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-10-30

Liewe Ouers

PERSONEEL

Daar is etlike bestuursbesluite geneem en daarom sal daar volgende jaar ‘n paar veranderings onder die personeel wees:

- Juffrou Cara sal die eerste kwartaal met kraamverlof wees. Juffrou Melanie, wat al vele kere hierdie jaar afgelos het, sal instaan by die Hasieklas.
- Juffrou Samantha (assistent) skuif na die Hasieklas om Juffrou Melanie en Cara daar by te staan vir die jaar.
- Juffrou Anita (assistent) skuif na die Beertjieklas, Juffrou Veronica (assistent) skuif na die Eendjieklas en Juffrou Edwina (assistent) skuif na die Vissieklas vir 2027.

Die res van die personeel bly dieselfde vir 2027.

DANKIE

Ons wil graag vir Chantelle Pretorius, een van Klein Lochieland se ouers, bedank vir die pragtige “mud kitchen” en braai wat sy vir die skool geskenk het. Ek voorspel ons kleuters gaan ure se pret met hierdie apparaat hê. Kom ons ondersteun haar besigheid met Kersfees wat om die draai is.



KONSERTFOTO'S en OPNAME

LET WEL: Hierdie twee items moet APART betaal word.



Ouers kan die foto's by elke klas besigtig. Koeverte **word verskaf** met die bedrae daarop. U vul die nommers van die foto's wat u wil hê op die koevert in, plaas die korrekte bedrag in die koevert en stuur dit terug skool toe. **GEEN KLEINGELD WORD BY DIE SKOOL VERSKAF NIE. Bestellings sluit op Vrydag 6 November.**

Opname bestellings word op die D6-toepassing betaal en **sluit op Vrydag 6 November.**

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)
Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 8 Desember plaas. Die kostes beloop **R200-00** per kleuter en moet asb. voor/op Vrydag 13 November betaal word. U kan die betaling op die D6-toepassing doen. Stuur bewys van betaling aan adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za asb.

Ons tema volgende week is:	**VOËLS**
Ons persepsies:	Klank: **e-klank** Getal: **0 en nul**
Assessering:	**Tel terug van 10 tot 0** **Veters vasmaak** **Identifiseer vorms en teken hulle (sirkel, vierkant, driehoek, ovaal, ster, ruit en hart)**

Maandag	2 November:	Ons maak 'n voëltjie
Dinsdag	3 November:	Ons oefen die e-klank
Woensdag	4 November:	***VERKIESINGSDAG: Skool en Nasorg is gesluit***
Donderdag	5 November:	Teken vorms in skeerroom
Vrydag	6 November:	Lekkertjiedag en skoolhempies, asb.

GRAAD RR-INLIGTING:

BEKENDSTELLINGSDAG: SATERDAG 6 NOVEMBER
Alle graad RR-kleuters en ouers het reeds hul uitnodiging per e-pos ontvang om op Saterdag 6 November hul nuwe graad R-juffrou te ontmoet. Al die personeel sien daarna uit om hul nuwe 2027-klasmaats te verwelkom! Bevestig asb per e-pos of u dit gaan bywoon.

GRAAD RR-AFSLUITINGSFUNKSIE: DINSDAG 17 NOVEMBER
Kostes: R190-00 per kind
Kleredrag: Wit klere (indien moontlik)
Dankie aan al die ouers wat aangedui het dat hulle bereid is om te help met die verversings.

Ons tema volgende week is:	**RUIMTE**
Ons persepsies:	Getal: **5** Klank: **p-klankie** Vorms: **Hersiening** Kleure: **Hersiening**

Maandag	2 November:	Ons verf planete
Dinsdag	3 November:	Ons teken ‘n ruimtetuig
Woensdag	4 November:	***VERKIESINGSDAG: Skool en Nasorg is gesluit***
Donderdag	5 November:	Ons maak ‘n getalle-ruimtetuig
Vrydag	6 November:	Lekkertjiedag en skoolhempies, asb.
Saterdag	7 November:	***BEKENDSTELLINGSDAG***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

